# Kategese:

# 31 Mei 2026

## Junior Kategese: Voorskool - Graad 6

***Voorskool**: Tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.*

### Groei-goggas: Die Wêreld van die Bybel

Waar is ek? Dit klink na 'n maklike vraag, want die antwoord is natuurlik: hier. Ek weet dat oupa en ouma nie hier bly nie, maar op 'n ander plek en dit lyk 'n bietjie anders as waar ek is. So, as ons oor iemand praat wat baie lank gelede geleef het en op 'n heeltemal ander plek gebly het, moet dit baie anders wees. Ons praat oor die mense van die Bybel en hoe anders hulle geleef het. Ons praat eerste net oor die plek waar hulle geleef het.

***Graad 1-6**: Tydens die erediens in die kerksaal.*

### My blink ID: Gekies as ambassadeur

As jy deel is van jou skool se hokkiespan en julle speel teen 'n ander skool, dan verteenwoordig jy jou skool. 'n Ander woord vir verteenwoordiger is ambassadeur. Jy moet jouself so gedra dat jy die naam van jou skool hoog hou. As kind van die Here, is jy ook Jesus se ambassadeur. Ons praat oor wat dit beteken om so 'n ambassadeur te wees.

2 Korintiërs 3:18 "***Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word***."

**Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)**

**Jeug verteenwoordiger: Rona van Zyl (082 339 1362)**

## Senior kategese: Graad 7 – 12

Die senior katkisante kom elke Sondag na die erediens in die **konferensiekamer**, in die kerksaal byeen, behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband.

**Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)**

**Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675)**